



BEF VOLKSK'RANT

Uitgegee deur die Blanke Ekonomiese Forum

Zoetendal

Troues,
konferensies en
werkswinkels in 'n
bosveld atmosfeer
012 3719256

Uitgawe 1

<http://www.blankeekonomieseforum.org>

22 Maart 2007

Die BEF Volksk'rant word tans nog net in elektroniese formaat versprei, maar sal later ook as 'n volwaardige gedrukte nuusblad uitgegee word. Die doel is om behalwe belangrike nuusgebeure, ook nuus van die BEF aan sy lede oor te dra. Indien u enige nuuswaardighede of kommentaar mbt die artikels het, stuur dit dan na: inligting@ontowebmedia.com. Redakteur: Reinhart de Vos.

Hoofartikel

Mnr Thabo Mbeki vra in sy gereelde nuusbrief ANC Today, 16-22 Maart 2007, onder die opskrif "The Kaffirs are Coming!" die vraag : "why are the Whites so determined to frighten themselves! The answer of course is that they have taken no such decision. Rather, the problem is that entrenched racism dictates that justification must be found for the persisting white fears of 'die swart gevaar'".

**Nog nie 'n lid van BEF nie?
Waarom word jy nie nog vandag
een nie?**

Boodskap van die hoof van die Blanke Ekonomiese Forum

Dit is voorwaar 'n baie groot voorreg om ons eerste koerantjie aan u bekend te stel! Die BEF is werklik soos die begin van 'n mooi tuin. Eers word harde grond met moeite en deursettingsvermoë voorberei, en daarna plantjies met groot sorg geplant. Eers as die plantjies tevredenheid met hulle omgewing toon, begin hulle deelneem en groei. Sommige plantjies is positief en begin dadelik terwyl ander eers die omgewing toets. Vir sommige plantjies is die omgewing ideaal, terwyl ander nie kans sien vir die uitdagings en opofferings van die nuwe omgewing nie. Hulle onttrek en vrek geleidelik.

**Skakel vir Anastasia by
073 0594342
of George by
082 3383295**

Positiewe Denke

Ons word voortdurend geraak deur negatiewe terugvoer in Suid -Afrika, misdaad in koerante en in die nuus; miskien is jy al self direk daardeur geraak. 'n Mens sien die donderwolk, maar sukkel soms om die silwer lyntjie rondom te sien. Dit is ook makliker om negatief te wees as jy besef dat 'n negatiewe ervaring tot 8 keer meer impak het as 'n positiewe ervaring.

Armblanke

Hy't by my aangekom van die straat af. Te voet loop en werk soek – van deur tot deur. Lank gelede, in 'n veel vroeër era, het mense laas só gemaak. Destyds was daar na diesulkes verwys as die armblanke.

Ek is seker maar 'n 'sucker vir punishment', want ek het hom, teen my betewete, tydelik in diens geneem. Al die goor werkies waarvoor niemand anders kans gesien het nie, vir hom gegee. Nie uit moedswil nie, maar daar was regtig nie iets anders waarmee ek hom kon besig hou nie. En sy teenwoordigheid het tóg gehelp, want die ander mense se hande was nou los om te doen waarvoor hulle eintlik betaal was.



Anastasia Theron

Ontspanning

Sudoku, grappies en dies meer.

Mnr Thabo Mbeki vra in sy gereelde nuusbrieff ANC Today, 16-22 Maart 2007, onder die opskrif "The Kaffirs are Coming!" die vraag : "why are the Whites so determined to frighten themselves! The answer of course is that they have taken no such decision. Rather, the problem is that entrenched racism dictates that justification must be found for the persisting white fears of 'die swart gevaar'".

Artikel deur Reinhart de Vos

Hy gaan verder deur te sê: "As we celebrate Human Rights Day, it remains to be seen whether we have the will to know one another and to debate with one another; whether we are willing to spend more time listening to one another, educating ourselves not be too quick to judge as illegitimate the concerns and expressions of any group; and whether we have the courage to engage in a truth and reconciliation process even with regard to the challenge of openly confronting the cancer of deeply dehumanising racist stereotypes that developed over many centuries."

Om op hierdie stellings van Mnr. Mbeki te antwoord moet ons eers terugkeer na die tyd van die onderhandelinge voor 1994 en spesifiek na beloftes wat met die referendum in 1992 deur die Nasionale Party gemaak is. Hiervolgens sou die blankes hulle eie identiteit kon behou en sou die volkseie binne die voorgestelde nuwe bestel behou kon bly. Alreeds met die onderhandelings vóór die 1994 verkiesing het dit begin blyk dat hierdie net leë beloftes was wat nooit in 'n nuwe bestel die toets van die tyd sou deurstaan nie.

Laat ons nou weer terugkeer na die hede.

'n Mens kan uit verskillende perspektiewe na enige volkshuishouding kyk, waaronder die gesagsregtelike, ekonomiese, sosiaal-maatskaplike, godsdienstige, morele, taalkundige en kultuur-historiese perspektiewe. Deur dit te ondergrawe is die saak uitgemaak dat onstabiele sal intree waarna die volkshuis in mekaar sal stort. Die ANC is, niteenstaande Mbeki se beloftes, hard besig om juis dit te doen. Laat ons maar net 'n paar hiervan onder die loep neem.

Die blankes se gesag is alreeds van hom ontnem. In die enkele gebiede waar die blankes nog beheer het, word swartes binne tradisionele blanke gebiede hervestig, om sodoende die politiese mag van die ANC binne daardie gebiede te verseker. 'n Goeie voorbeeld is die oprigting van bekostigbare swart behuising binne die goeie blanke gebiede in Pretoria.

Van die ekonomiese kant is die BEE en EE wette ingevoer wat volgens alle aanduidings in die toekoms nog strenger toegepas gaan word sodat die blankes alle beheer oor die ekonomie kan verloor. Die Minister van Arbeid, Membathisi Mdladlana het aan die einde van verlede jaar aangedui dat "the new year would see an even more intensified fight against employment equity violators" soos wat dan ook tereg verlede week in Durban gebeur het.

Op die sosiaal-maatskaplike kant is daar die opheffing van subsidies deur die staat aan blanke ouetehuse, niteenstaande die feit dat die blankes 'n enorme bydrae tot die staatskas lewer. Om nie eers te praat van die beleid mbt opvoedkundige inrigtings nie.

Die Afrikaner was vanaf die grondlegging van Suid-Afrika 'n godsdienstige, Calvinistiese gemeenskap. Hier is die aanslag sekerlik die grootste, want vernietig 'n mens die volk se godsdienst, dan vernietig jy die volk se waardes en die onderlinge band van omgee vir mekaar. Die aanslag via die pers en die televisie is soms subtiel en soms baie venynig. Subtiel wanneer die televisie godslasterlike films aanhoudend beelstend en venynig wanneer oor 'n kerkman berig word wat homself misgaan het of wanneer daar stryd binne 'n kerkgroep is.

Breek 'n mens die moreel van 'n nasie, dan is die stryd byna gewonne. Die aanslag op die Afrikaner se taal, kultuur-historiese erfenisse, godsdienst, vryheid van beweging (agv misdaad), opvoeding en die uitsending van afbrekende materiaal op televisie en in die ANC-ondersteunende pers speel 'n oorweldigende rol in hierdie verband. Die hoë vlakke van misdaad is dan net daardie ekstra stootjie wat die huis finaal tot ineenstorting bring.

As dit die aanslag is, hoe kan die blankes dit dan teëwerk? In die eerste plek moet 'n mens eers tot die besef kom dat daar wel 'n aanslag is. Ten tweede moet 'n mens die gebiede identifiseer waar die blankes 'n bres kan slaan. Op politiese gebied is daar tans geen hoop op sukses nie. Waar daar wel iets gedoen kan word is op die ekonomiese, sosiale, godsdienstige en morele gebiede. Dit kan egter alleen gedoen word indien die blankes hierin 'n verenigde front kan vorm. Ongelukkig is daar tans nog te groot verdeeldheid onder die blankes wat tot uiting kom in tientalle klein Afrikaner organisasies wat mekaar die stryd aansê. Deur onkunde en die verspreiding van disinformasie word hulle verder uit mekaar gedryf in lyn met die regering se "verdeel en heers" strategie. Vandaar die versugting deur die gewone man "de la Rey, de la Rey, sal jy die boerevolk kom lei?"

Om terug te keer na Mnr Mbeki se stellings: "geagte president, is u dan so onkundig wat werklik in Suid-Afrika gebeur, of is dit maar net weer politieke propagandistiese retoriek om vir die wêreld te sê 'dit is nie ons nie'"? Soos wat Lord Chamberlain gedurende die Tweede Wereldoorlog die Jode wat na Israel gevlug het, teruggestuur het na hulle dood in Duitsland en dan die Duitsers alleen vir hulle dood blameer het.

Ja geagte president, u is korrek as u dit stel dat "freedom from fear is a necessary part of the range of objectives of those who fight for freedom.....". U weet dit, en ons weet dit; dat dit vir die regering van belang is dat hierdie vrese van die blankes 'n nodige instrument vir die regering is om die finale aanslag teen die blankes te loots. Die vraag aan u is net dit: van waar af word hierdie vrese gevoed?"

Aan die blankes in Suid-Afrika: kom ons vat die hande op ekonomiese, godsdienstige en sosiale gebied sodat ons kan weet dat ons sterk is en 'n ondeurdringbare front tot stand kan bring.

Stuur u kommentaar na:
inligting@ontowebmedia.com.

Totius

Vergewe en vergeet

Dat gij niet vergeet de dingen die uwe ogen gezien hebben (Deut 4:9)

Daar het 'n doringboomplie vlak by die pad gestaan, waar lange ossespanne met sware vrage gaan.

En eendag kom daarlanges 'n ossewa verby, wat met sy sware wiele dwars-oor die boomplie ry.

"Jy het mos, doringstruikie, my ander dag gekrap; en daarom het my wiele jou kroontjie platgetrap."

Die ossewa verdwyn weer agter 'n heuweltop, en langsaam buig die boomplie sy stammetjie weer op.

Sy skoonheid was geskonde; sy bassies was geskeur; op een plek was die stammetjie so amper middeldeur.

Maar tog het daardie boomplie weer stadig reggekrom, want oor sy wonde druppel die salf van eie gom.

'n Dankie-sê briefie

BEF het die voorreg gehad om 'n maatskappy en 'n lid in nood suksesvol by te staan. Hier is 'n kort storie van 'n baie dankbare dame.

Ek was finanieel baie in die knyp, en het vir 'n firma gewerk wat 'n karige salaris betaal het. Ek het my ou moeder van 80jr om te versorg en het geen pensioen of mediese fonds nie.

My vader, Mnr Jame van Blerk, is 'n lid van BEF en het my aanbeveel om hulle te skakel. Ek het my situasie aan Anastasia Theron verduidelik. Sy het binne 'n dag vir my 'n onderhoud met Mnr. Anton van Vuuren (Eienaar & Bestuurder van CRS Sound & Security Pta Annlin) gereël. Ek het onmiddellik die werk gekry. Dit is soos 'n gebed wat beantwoord is.

Ek is baie dankbaar om saam met sulke wonderlike mense te werk.

Marie Oosterhuis

Boodskap van die hoof van die Blanke Ekonomiese Forum

Dit is voorwaar 'n baie groot voorreg om ons eerste koerantjie aan u bekend te stel!

Die BEF is werklik soos die begin van 'n mooi tuin. Eers word harde grond met moeite en deursettingsvermoë voorberei, en daarna plantjies met groot sorg geplant. Eers as die plantjies tevredenheid met hulle omgewing toon, begin hulle deelneem en groei. Sommige plantjies is positief en begin dadelik terwyl ander eers die omgewing toets. Vir sommige plantjies is die omgewing ideaal, terwyl ander nie kans sien vir die uitdagings en opofferings van die nuwe omgewing nie. Hulle onttrek en vrek geleidelik.

Waar daar groei is kom die nuwe wortels en takkies gou uit. Geleidelik word die tuin ruier en die plantjies groei nader aan mekaar. Klein blomknoppies ontwikkel en uiteindelik word dit 'n volkome ruiker van blommeprag. Almal leef nou gelukkig in 'n goedversorgde omgewing. Nuwe plantjies word gevorm en die voorspoed lei 'n era van geluk in. Almal besing die mooiheid daarvan.

Natuurlik gebeur dit nie vanself nie. Dit vat baie versorging, liefde en toewyding. Daar sal onkruid probeer opkom en daar sal insekte en wurms die tuin probeer aanval maar dit word gou uitgeroei deur die hande van die toegewyde tuiniers.

So is BEF ook. Dit was eers net 'n gedagte in die barre ekonomiese grond waarin die blanke homself tans bevind. Baie kritiek is geopper en mense was agterdogtig. Sou dit nog 'n geldmaakstorie wees? Sou dit die volgende niksseggende poginkie wees wat weereens sal lei tot verleentheid van die blanke in SA? Dit het deursettingsvermoë en emosionele pyn gevat om die vurk telkens weer in die grond te steek en nie moedeloos te word nie.

Daar is egter altyd hulp aan die een wat met eerlikheid en opregtheid doen wat bedoel is om te gebeur. Gou het ek 'n wonderlike span saamgekry wat met oortuiging en vasberadenheid ingespring het. Die grond is mooi voorberei met rekenaartegnologie en kontrole stelsels wat ontwikkel is. Baie dankie aan Anastasia, Lukas, Fanie, George, Alicia en Gerhard. Dankie ook aan my vrou Elmarie en dogter Este wat saam met 'n man geleef het wat soms maar baie bedruk en verslae van skelle kritiek by die huis aangekom het.

Die plantjies is geplant. Dit is die lede wat opgedaag het. Daar is wonderlike mense wat dadelik hulp aangebied het en met passie en energie die inligtingstukke begin versprei het. Baie dankie aan u almal en aan die sameroepers en inligtingverspreiders wat werklik die wa deur die drif getrek het wanneer die plaes soms die tuinier moedeloos wou maak.

Toe begin die plantjies groei. Ja sommiges het die handdoek langs die pad ingegooi, maar die meerderheid het gou vars nuwe takkies gemaak en groei daagliks nader aan mekaar. Daagliks kom nuwe lede en mooi aanbiedinge. Daar is soveel werklik wonderlike mense tussen ons. Die tuin druk nou self die onkruid uit en dit is 'n plesier om water en liefde te gee.

Ja, ons is nog nie daar nie. Ons blom nog nie en daar hang nog steeds die swaard van finansiële oorlewing oor ons koppe, maar niemand kan 'n blom stop om te groei nie.

Dit is my oortuiging en geloof dat ons plantjies wat eers die omgewing wou uitkyk, nou oortuig raak van die opregtheid waarmee hierdie saak aangepak is. Binnekort sal ons genoeg nuwe takkies en plantjies sien om die volkstuin in 'n paradys te verander.

Neem deel en kom saam volksgenote, hierdie is 'n volkspoging en die ou gesegde van eendragt maak magt is nog altyd waar.

Ek wens u almal 'n uiters voorspoedige tydperk toe.

Beste groete
Dr. Willem Pienaar.

NOU in
Midland
011 315 4788
Gauteng
012 653 0793
Roosburg (Blanc Senekal)
011 764 1138
Kroonburg
083 212 1531
Sagebush (Kanyo Area)
082 957 9987
Midland
013 753 3413

VERHEWE JOU AGTERSTEWEL!
...met absolute styl

Elmsstraat 1
Art Park, Boksburg, Gauteng
E-pos: kango@iAfrica.com
Tel: 011 397 7753
Faks: 011 397 7752
Tel: 082 894 1678

KANGO
Kappies & Voerings

KOOP DIREK VAN DIE FABRIEK www.kangocanopies.co.za

Stel jou Visier in.....

Christa Loots

Positiewe Denke

Ons word voortdurend geraak deur negatiewe terugvoer in Suid -Afrika, misdaad in koerante en in die nuus; miskien is jy al self direk daardeur geraak. 'n Mens sien die donderwolk, maar sukkel soms om die silwer lyntjie rondom te sien. Dit is ook makliker om negatief te wees as jy besef dat 'n negatiewe ervaring tot 8 keer meer impak het as 'n positiewe ervaring.

Hoe behou 'n mens 'n positiewe ingesteldheid en hoekom is dit belangrik? Victor Frankl het in sy boek "Man's search for meaning" ervaar hoe mense se ingesteldheid letterlik 'n impak gehad het of hulle oorleef het in die konsentrasiekampe van die Tweede Wereldoorlog of nie. Jou houding beïnvloed ook jou gesondheid, jou menseverhouding en uiteindelik jou kwaliteit van lewe.

Indien ons nie hiervan werk maak nie, laat ons toe dat ons grootste skat gesteel word, ons keuse om te bepaal hoe ons 'n situasie gaan hanteer. Ons laat toe dat ons energie, hoop en planne vir die toekoms by ons weggeneem word.

Die volgende praktiese riglyne kan jou help om jou fokus positief in te stel:

- Wees versigtig met die inligting wat jy toelaat om voortdurend deur jou brein te spoel. Jy moet weet wat in die nuus aangaan, maar as jy net op die negatiewe fokus, gaan dit jou blywend negatief beïnvloed. So lees jou koerant en kyk die nuus een maal per dag. Let ook maar op dat goeie nuus nie verkoop nie, daarom sal daar maar min "goeie nuus" in die koerant wees.
- Neem realistiese aksiestappe om jou vrese te besweer, maak jou plek meer veilig, neem deel aan 'n buurtwag; want bekommernis is soos 'n wiegstoel, dit gee ons iets om te doen, maar neem ons nêrens.
- As jy net op jou vrese fokus, kan dit soos die selfvervullende voorspelling word, situasies word na jou toe aangetrek wat jy eintlik juis wil vermy.
- Indien jy wel al die slagoffer van misdaad was, gebruik traumaberading en alle hulp en ondersteuning wat jy kan kry, hulle mag jou fisies seermaak, maar hulle mag nie jou wil om te lewe, jou hoop wegneem nie.
- Vind 'n veilige hawe, waar jy jousef kan verlig van stres en negatiwiteit, dit kan in jou godsdiens wees, by 'n goeie vriend, 'n stukkie inspirasie uit 'n boek, of langs die hengelwaters.
- Begin krities kyk na die mense wat jou lewe beïnvloed, fokus op die wat energie en positiwiteit uitdra en vermy die persone wat jou lam laat voel na 'n uur. (Ek noem hulle energie vampiere.) Skep geleenthede om dinge te doen wat jy geniet, positiewe energie skep positiewe energie. Begin 'n dankbaarheidsjoernaal. Skryf elke aand vyf dinge/persones/ervarings neer waarvoor jy dankbaar is. Dankbaarheid en vrees is twee emosies wat nie kan saamleef nie.

Niemand verwag jy moet na die lewe kyk deur 'n roosgekleurde bril nie, daar is realiteite wat ons moet erken, maar net so is die bril van vrees en negatiwiteit, soos 'n teleskoop wat nie ingestel is nie, Jy kan niks sien nie, nie naby of ver nie. Stel jou visier in deur op positiewe denke te fokus en maak die verskil wat jou familie, maatskappy en ons land nodig het. Jy het om en by 60 000 gedagtes elke dag, waarop gaan jy kies om te fokus?

"There is a space between stimulus and response. In this space is our power to choose our response. In this response lies our growth and freedom." Victor Frankl

Armblanke

(Uit Mike van Niekerk se Boek: Swart op Wit)

Hy't by my aangekom van die straat af. Te voet loop en werk soek – van deur tot deur. Lank gelede, in 'n veel vroeër era, het mense laas só gemaak. Destyds was daar na diesulkes verwys as die armblanke.

Ek is seker maar 'n 'sucker vir punishment', want ek het hom, teen my betewete, tydelik in diens geneem. Al die goor werkies waarvoor niemand anders kans gesien het nie, vir hom gegee. Nie uit moedswil nie, maar daar was regtig nie iets anders waarmee ek hom kon besig hou nie. En sy teenwoordigheid het tóg gehelp, want die ander mense se hande was nou los om te doen waarvoor hulle eintlik betaal was.

Hy was baie stil. Eintlik te stil, maar ek het nie tyd gehad om aandag te gee nie. Flou verskoning – ek weet, maar wat moes ek doen? Tussen kliënte en bestellings en aflewings en telefone en 'n poging tot 'n persoonlike lewe deur, is daar ook maar net soveel ure in 'n dag...

Na die eerste naweek was hy laat. Eintlik het ek gehoop dat hy nie weer sou opdaag nie, maar hy het – so dronk soos 'n tor. Ek wou hom summier wegjaag, maar hy het gesweer dat dit nooit weer sou gebeur nie. Ek't mos gesê ek's 'n 'sucker'.

Hy het daardie week gewerk soos 'n dier. Dromme en afval wat vir maande lank al 'n seer oog was in die agterste deel van die fabriek reggepak en uitsorteer. Niemand het hom gevra om dit te doen nie – hy het self inisiatief geneem. Ek het egter gewag vir die naweek, maar veral vir die Maandag ná die naweek. Nie dat ek hom wóú ontslaan nie, maar eenmaal 'n dronklap, altyd 'n dronklap.

Hy was betyds, en nugter. En hy het aanhou werk, maar ook maar effentjies. My uittrap-sessie het blykbaar ook net 'n week gehou, want die volgende Maandag was hy weer laat – die keer darem nugter. Lang verskoning gehad oor vervoer wat 'n probleem was, of so iets.

Met verloop van tyd het ek by verskeie geleenthede probeer uitvis oor sy agtergrond, maar hy was baie vaag. Hy het ook nie dom voorgekom nie, inteendeel. Sy oë het egter dof gebly, en hy was lusteloos. Soms het ek gewens ek kon hom skud om hom wakker te kry, maar motivering kom van binne. Hy moes self vir my wys dat hy wou, en waarheen.

Die weke het gekom en gegaan. Soms was hy laat, soms was hy aangeklam en ek het net besef dat hy nooit die pyp sou rook nie. Al wou ek hom ook hoe graag help, het hy net nie sy deel gedoen nie. Sy drie maande proeftydperk was in elk geval bykans verstreke. Hy kon werk tot dan, maar daarna moes hy maar gaan.

Die Dinsdag van die laaste week wat hy gewerk het, het hy aan my kantoardeur kom klop.

“Gaan Meneer my nou 'n job gee van volgende week af, of maak ek dié week klaar?” het hy met die deur in die huis geval.

Ek was effens geboul, maar mens kan ook net vir só lank liefdadig wees. “Nee, dis jou laaste week hierdie. Ek sal jou nie permanent kan aanstel nie.”

“Ek het hierdie job nodig, Meneer. Kan Meneer nie maar 'n plan maak nie?” Toe hy oor die tafel leun, ruik ek waar sy dapperheid vandaan kom.

“Jy het my geen rede gegee om jou permanent aan te stel nie. Hoekom moet ek nou 'n plan maak? Al wat ek sien, is hoe jy lyf wegsteek. Elke keer kom jy met 'n nuwe verskoning oor hoekom jy amper elke oggend laat is, en jy doen nie eers die klein bietjie werk wat ek jou gee ordentlik nie. Ergste van alles is dat jy nog boonop dronk is ook soos wat jy hier staan!”

Vir die eerste keer in die drie maande wat hy by my werk, sien ek iets in hom roer. Hy staan vir 'n slag regop, en daar is 'n vuur in sy oë wat ek nog heeltyd gemis het.

“Meneer, jy praat nou van goed wat jy niks van weet nie. Dink jy ek laaik dit om hier by jou te sit en my breins te laat vrot elke dag? Die enigste mense wat deesdae permanent aangestel word, is die Swartes. Maak nie saak wat ek doen nie, niemand kyk na 'n Whitey met potensiaal nie. Ek suip omdat dit al is wat ek goed kan doen, en omdat dit my help vergeet. Ek het nie 'n huis nie, ek het nie 'n kar nie, ek het nie 'n job nie. Ek het nie eers 'n meisie nie. Ek het fokol.... waarvoor moet ek my hol skeur? Niemand gee 'n moer om of ek eers hier is of nie.”

Sy feite was reg, maar sy gesindheid nog steeds verkeerd. Wetgewing het dit feitlik onmoontlik gemaak om Blankes aan te stel, maar daarmee kon ek wel 'n plan maak. Sy jammergathouding was die groter probleem en daaraan kon net hy iets doen. Dit was egter te laat vir nog 'n prekie. Hy het reeds drie maande kans gehad.

Toe sy smal ruggie verdwyn deur die fabriek se groot skuifdeure, het ek amper vermurwe. Wie gaan tot ons Blankes se redding kom as ons self nie weet hoe nie?

Verkrygbaar vanaf Mike van Niekerk 082 8882840

Betrekings aangebied:

Vereistes: Jong B.Sc gegradueerde met fisika as hoofvak.
Basiese kennis van elektronika
Vaardig in MS word en MS Excel
Moet Afrikaans en Engels goed magtig wees.
Moet veral verslae in Engels kan opstel
Sal betrokke wees in laboratorium toetswerk en skryf van verslae.
Dit is 'n hoogs gespesialiseerde veld, gevolglik sal opleiding verskaf word.

Kontak : WA de Beer Pr. ing.
012 644 0998
082 444 6831

Ontspanning

Sudoku

	7		5	9				6
	4		7					3
5				6		7	9	
		3	4				7	
	1						3	
	5				6	4		
	6	4		7				5
2					5		6	
7				2	1		4	

Hier is 'n paar rate uit **Peter Thomas** se boek **Tradisionele Boererate en Boerekos** wat boererate van toeka tot nou bevat. **Baie van hulle werk beslis, ander nou-ja, kyk self!** (Hierdie e-boek met oor die 2000 rate is te kry by <http://www.peterjasie.co.za>)

BEROERTE...Trek dagga in water soos tee en drink.

HART...Gooi 1 groot eetlepel wit teesuiker in 1 bottel jenewer en skud goed tot die suiker opgelos het. Drink elke oggend en aand 1 kelkievol.

HONDBYT...As 'n hond jou gebyt het moet jy van sy hare afsny en op die bytplek sit...dit sal dat die kwaad uittrek.

INFLAMMASIE...Pluk vir jou 'n klompie knapsekêrels en kook so 'n rukkiet dat dit soos tee kan trek...en drink 3 keer per dag 'n halwe koppievol daarvan...en die pyn van die inflammasie sal sommer gou verdwyn.

KEEL...As jy 'n beentjie of visgraatjie het wat in die keel vassit kan jy 'n rou eier klop tot die wit en geel net gemeng is en sluk dit dan in...dit sal die graatjie of been saamneem maag toe...en die gevaar is verby.

KOORS...Neem 'n beeshoring en druk die punt in die vuur. Laat goed brand...haal uit en krap al die vuilheid van die vuur af. Die horing sal nou mooi bruin wees...dan rasper jy van die bruinerige poeier af. Neem nou 1 eetlepel van die poeier en sit in 'n ½ koppie kookwater. Roer goed en laat afkoel. Gee dit dan vir 'n kind wat baie koorsig is en dit sal die koors sommer dadelik breek.

Die vrou loop op die strand en struikel oor 'n bottel. Sy tel die bottel op en vryf dit skoon. Skielik verskyn daar 'n bottelgees ("genie").

"Ek is die bottelgees en enigiets wat jy vir my vra sal bewaarheid word."

Die vrou sê:

"Ek soek vrede in die midde-ooste. Sien jy hierdie landkaart? Ek wil graag hê dat almal sal ophou om onder mekaar te veg, die Arabiere sal die Jode, die Europeërs en die Amerikaners liefhê en omgekeerd. Dit sal vrede en harmonie oor die hele wêreld verseker."

Die bottelgees roep uit: "My liewe dame, wees tog 'n bietjie logies. Hierdie lande veg al duisende jare teen mekaar. Kyk, ek is goed, maar nie só goed nie! Ek sal dit beslis nie kan regkry nie. Gee 'n volgende wens, maar een wat meer logies is."

Die vrou dink na, en sê dan:

"Goed, ek het nog nie die regte man gevind nie; een wat bedagsaam en vrolik is, baie graag kook en goed kan huishou, met my familie oor die weg kom, nie die ganse dag voor die TV sit en sport kyk nie en wat getrou is. 'n Regte goeie man."

Die bottelgees sug en sê: "Laat ek weer daardie landkaart van jou sien."

'n Groep mans sit in 'n Sauna. Skielik lui 'n selfoon.

Een man tel die selfoon op en antwoord: "Hallo?"

Die vrou: "Skat is dit jy? Jy klink so snaak en wat is daardie geruis? Is jy in die Sauna?"

Man: "Ja"

Die vrou: "Skat, ek staan hier voor die juwelier. Onthou jy daardie diamanthalsnoer wat ek so graag wou hê? Kan ek dit asseblief, asseblief, asseblief koop. Dit is goedkoop, net R30000."

Man: "Nou goed, maar betaal niks meer as R30000 nie. Reg so?"

Vrou: "Dit is baie lief van jou. Ag skat, terwyl ons nou daarby is. Ek het by ons BMW-handelaar verbygekom en het daar my droommotor gesien, en net die regte kleur. Ek kan die motor teen die spesiale prys van R380000 kry. Asseblief, asseblief skat, kan ek dit koop?"

Man: "Nou goed my skat, maar kyk of jy R30000 kan afkry, goed?"

Die vrou sien dat dit vandag haar geluksdag is en sy vra: "Jy weet dat ek baie graag wil hê dat my ma by ons moet kom woon. Ek weet dat jy nie daarvan hou nie, maar kan ons dit nie net vir 3 maande probeer nie? As dit nie werk nie, kan jy nog nee sê. Wat dink jy daarvan?"

Man: "Goed my skat. Laat ons dit probeer, maar as dit nie uitwerk nie....."

Die vrou: "Dankie my skat. Ek is baie lief vir jou en ek sien jou vanaand."

Man: "Ek vir jou ook, my skat, tot later dan."

Die man sit neer en vra in die rondte:

"Weet iemand wie se selfoon dit is?"

Informatika dosent, Universiteit Hohenheim, Duitsland.

"Ek en julle het iets in gemeen. Ons vind ons almal die eerste keer in 'n databasislesing – met een onderskeid. Julle kan my met doelgerigte tussenvrae in die verleentheid bring. Maar dit kan ek julle verseker: As julle dit doen, sal ek julle in die eksamen net so in die verleentheid bring."

Dosent: "Alkohol is onder andere ook 'n baie goeie oplosmiddel."

Student: "Ja, vir probleme en so....."